# 28 September 2023 - Lesing 139 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die Vader spreek met Sy kind – 1/6/60

**NO: 7613** Julle almal kan na My stem in julleself luister en dit hoor.

Maar hoe selde bring die mense so 'n vertroulike band met My tot stand **en bly aan My dink**. Hoe selde gee julle My die geleentheid om julle aan te spreek deur julleself bewustelik aan My te wy om vertroulike samespraak met My te hou, **deur julleself van die wêreld terug te trek en julle te verdiep in gedagtes wat My alleen as inhoud het.**

En julle doen dit so selde omdat julle nie werklik glo dat julle My sou kan hoor nie, dat Ek tot julle spreek soos 'n vader met sy kinders spreek. Julle het nog nie die verhouding van 'n kind met sy vader gevestig nie.

Ek is net altyd die verre God vir julle Wie julle nie durf aanspreek nie en Wie daarom ook **nie met julle kan spreek soos 'n vader tot sy kind nie**.

Maar julle kan dit altyd probeer. Julle hoef julle nie van die wêreld te onttrek nie, julle moet julleself slegs **in stille oordenking verdiep** om dan in gedagtes die weg na My in julle te neem. Julle moet slegs verlang om My stem te verneem en julle begeerte sal vervul word wanneer julle opmerksaam luister en let op die gedagtes wat in julle na bo kom, des te duideliker word **hoe inniger julle julleself aan My oorgee**, hoe groter julle verlange is om My te hoor.

Want Ek sal julle antwoord, omdat Ek niks meer graag doen as om met My kinders te spreek wat nou aan My deur 'n vaste band van liefde verbind word, naamlik **die liefde van die Vader vir Sy kind**.

En as julle hierdie poging meer dikwels sal maak, sal julle gelukkig wees deur **innerlike vrede** wat julle sal vervul, want julle sal My nabyheid bespeur en in hierdie nabyheid sal julle ook weet dat julle altyd beskerm sal word.

Elkeen van julle kan binne hierdie seën van My aangespreek word, selfs as Hy nie bewus is van die feit dat dit die innerlike band met My is wat Hom innerlike vrede skenk nie. Maar spoedig sal Hy nie hierdie ure wil mis wat Hy aan My gee nie, wat Hy in stille oordenking sal deurbring. En sy siel sal ryper word, want Hy sal nooit sonder toevoer van krag bly wanneer hy My self gesoek en gevind het nie.

Elke gedagte wat van My uitgaan bring seën. Alle mense moet gebruikmaak daarvan en telkens weer **hulleself op My in gedagtes rig**, want dan het hy My al self aangespreek en Ek kan hom antwoord wanneer hy na die antwoord luister, dit wil sê **as hy stilbly en let op sy gedagtes wat in hom na bowe kom**. Dan trek hy My na hom toe en **so kan Ek altyd met diegene wees wat in gedagtes by My is**.

Hulle gee self aanleiding tot My teenwoordigheid en steeds moet My teenwoordigheid van nut wees vir julle siel. Daarom moet julle julleself dikwels binne die seën van My teenwoordigheid plaas, dit vereis julle wil om julle van die wêreld terug te trek en julleself op te hef **in geestelike sfere**, waar julle dan steeds sal vertoef wanneer julle gedagtes by My is.

En dan sal jou siel waarlik nie meer in nood wees nie, want sy sal deur My Self versterk word, Wie nou toegang het tot haar, Wie haar nou kan toespreek en haar gee wat sy nodig het om geheel ryp te word gedurende haar tyd op aarde.

Want Ek wil dat sy die volmaaktheid bereik solank sy op aarde vertoef. En sodra Ek regstreeks op die siel kan inwerk is haar voleinding verseker. En daarom wil Ek haar regstreeks kan aanspreek, maar dit moet julle wil self bewerkstellig, dat julle julleself innig aan My sal oorgee en begeer om My te hoor.

Dan sal Ek verseker by julle wees en Ek sal met julle spreek **soos wat 'n Vader met Sy kind spreek** wie se liefde Ek vir altyd wil wen. Amein.